**Maandag 15 Julie**

| Skrifgedeelte: Johannes 9:35-39 | Fokusgedeelte: Johannes 9:37, 38 (1933/53-vertaling) |
|---|---|

### Tot die lig gekom deur die Lig te sien

Christus gaan verder in hierdie gedeelte deur Homself te openbaar. In die vorige gedeelte (vs 1-11) word die man se blindheid gebruik sodat Christus Homself kan openbaar.

Dit wil egter voorkom asof die man nog self nie weet Wie hierdie man was wat hom genees het nie. In vers 17 antwoord die man die vraag van die Fariseërs oor Wie dink hy hierdie man is. Hy is ’n profeet, antwoord hy. Maar nou kom Christus en vra hom: Glo jy in die Seun van God? En so openbaar Christus Homself finaal aan die man, en die man het geglo.

In vers 38 maak Christus verder die doel bekend waarvoor Hy in die wêreld gekom het. Om die wat nog nie sien nie, gesond te maak. Die geestelike betekenis van die verhaal van die blinde man word nou duidelik gemaak aan ons. Die blinde man wat verstoot was en moes bedel om aan die lewe te bly, word verlig deur die Seun van God sodat hy mag glo. Dit was die genesing van die man se inherente gebrek: gebrek aan geloof.

Die genesing van Christus dui daarop dat Hy ons deur die werk van Heilige Gees kom genees deur ons deel te maak van sy liggaam, sodat ons ook die Lig mag sien wat vanuit Hom afstraal. Christus het gekom om die uitverkorenes van God te versamel. Juis dié wat nog sonder geloof is, blind is, tot die Lig te lei.

*Sing: Psalm 89-1: 6, 7*

*Ds. JG Ehlers (Jan) (Meyerton)*